



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**MODEL 2014**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE OP DIE EKONOMIESE KRISIS IN EUROPA NA 1945 GEREAGEER?****BRON 1A**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur die VSA se President, Harry S Truman, gelewer op 12 Maart 1947, wat fokus op die redes waarom die Truman-leer (-doktrine) geïmplementeer is.

Op hierdie oomblik in die wêreldgeskiedenis moet byna elke nasie tussen alternatiewe (twee verskillende) lewenswyses kies. Dit is dikwels 'n vrye keuse. Een lewenswyse word op die wil van die meerderheid gebaseer en word gekenmerk deur vrye ondernemings, verteenwoordigende regering, vrye verkiesings, die waarborg van individuele vryheid, vryheid van spraak en geloof en vryheid van politieke onderdrukking. Die tweede lewenswyse word op die wil van die minderheid gebaseer wat met geweld op die meerderheid afgedwing word. Dit maak staat op terreur en onderdrukking, 'n beheerde pers en radio, gemanipuleerde verkiesing en die onderdrukking van persoonlike vryheid.

Ek glo dat dit die beleid van die Verenigde State moet wees om vrye volke te ondersteun wat pogings tot onderwerping deur gewapende minderhede of druk van buite weerstaan ... Ek glo dat ons hulp hoofsaaklik ekonomies en finansieel van aard moet wees wat noodsaaklik is vir ekonomiese stabiliteit en 'n ordelike politieke proses ...

Dit is nodig om slegs na 'n kaart te kyk om te besef dat die oorlewing en integriteit van die Griekse nasie van uiterste belang in 'n baie wyer opset is. As Griekeland onder beheer van 'n gewapende minderheid sou val, sal die gevolge vir sy buurland, Turkye, onmiddellik en ernstig wees. Verwarring en ordeloosheid mag deur die hele Midde-Ooste versprei ...

[Uit: *Public Papers* (US Government Printing Office, Washington DC, 1947) deur Harry Truman]

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel kom uit 'n toespraak wat die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, George C Marshall, op 5 Junie 1947 by Harvard Universiteit gemaak het. Hierdie toespraak het gelei tot die na-oorlogse Europese hulpprogram wat algemeen as die Marshall-plan bekend staan.

Menere, ek het nie nodig om julle te vertel dat die situasie in die wêreld baie ernstig is nie ...

Die waarheid is: vir die volgende drie tot vier jaar is Europa se behoefte aan buitelandse voedsel en ander noodsaaklike produkte – hoofsaaklik uit Amerika – soveel groter as haar huidige vermoë om te betaal dat hy (Europa) enorme (groot) addisionele (ekstra) hulp sal moet bekom of anders staan hy ekonomiese, maatskaplike (sosiale) en politieke agteruitgang van 'n baie ernstige aard in die gesig ...

Dit is logies dat die Verenigde State alles in sy vermoë sal doen om te help met die terugkeer van 'n normale, gesonde ekonomie in die wêreld, waarsonder daar geen politieke stabiliteit en gewaarborgde vrede kan wees nie. Ons beleid is nie teen enige land of doktrine (beleid) gemik nie, maar teen hongersnood, armoede, desperaatheid en chaos. Die doel daarvan moet die herlewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld wees sodat dit die ontstaan van politieke en maatskaplike (sosiale) omstandighede sal toelaat waarin vrye ondernemings kan voortbestaan ...

Enige bystand wat hierdie regering in die toekoms kan bied, moet 'n oplossing eerder as slegs verligting bied. Enige regering wat bereid is om te help met die taak om te herstel, sal vir seker die volle samewerking van die Verenigde State se regering hê. Enige regering wat die herstel van ander lande sal teenstaan, kan geen hulp van ons verwag nie. Verder kan regerings, politieke partye of groepe wat daarna streef om menslike lyding te laat voortbestaan om sodoende politieke of ander voordeel daaruit te trek, teenstand van die Verenigde State verwag.

[Uit: <http://www.oecd.org/general/themarshallplanspeechatharvarduniversity5june1947.html>.

Toegang verkry op 21 September 2013]

**BRON 1C**

Andrei Vyshinsky, 'n Russiese buitelandesake-beampte, het die volgende mening oor die Truman-leer (-doktrine) en die Marshall-plan gehuldig:

Die sogenaamde Truman-leer en Marshall-plan is besonder opvallende voorbeelde van die wyse waarop die beginsels van die Verenigde Nasies geskend word of van die wyse waarop die organisasie geïgnoreer word.

... die regering van die Verenigde State het beweeg in die rigting van 'n direkte verwerping van die beginsels van internasionale samewerking en besorgde optrede deur die groot moondhede en in die rigting van pogings om sy wil op ander onafhanklike state af te dwing. Terselfdertyd gebruik die VSA klaarblyklik die ekonomiese bronne wat aan individuele nasies wat dit benodig, versprei word, as 'n instrument van politieke druk ... Die Verenigde State maak ook daarop staat om al hierdie lande direk afhanklik te maak van die belange van Amerikaanse monopolieë wat daarna streef om die naderende depressie af te weer deur verhoogde uitvoere van goedere en kapitaal na Europa.


Dit raak al hoe duideliker vir almal dat die implementering van die Marshall-plan sal beteken dat Europese lande onder die ekonomiese en politieke beheer van die VSA geplaas sal word en direkte inmenging deur laasgenoemde in die internasionale (buitelandse) sake van hierdie lande sal plaasvind.

Daarbenewens is hierdie plan 'n poging om Europa in twee kampe te verdeel en met die hulp van die Verenigde Koninkryk (Brittanje) en Frankryk 'n blok te vorm wat uit etlike Europese lande bestaan wat vyandig is teenoor die belange van die demokratiese Oos-Europese lande en meer spesifiek die belange van die Sowjetunie.

[Uit: <http://www.slantchev.ucsd.edu/courses/nss/documents/vyshinsky-criticism-of-truman-doctrine.html>. Toegang verkry op 21 September 2013]

**BRON 1D**

Hierdie spotprent is in 1949 in die Sowjetunie-tydskrif, *Krokodil*, gepubliseer. Dit is geteken deur 'n span Russiese kunstenaars wat as 'Kukryniksy' bekend gestaan het. Die opskrif van die spotprent is 'Marshall-plan in Aksie'. Generaal Marshall hou reddingsgordels vas wat 'Vir die Franse' en 'Vir die Duitsers' gemerk is en agter Marshall, 'Vir Italië'. (Die woorde in die spotprent is uit Russies in Afrikaans vertaal..)



[Uit: [www.jhnclare.riet/cold-war8.htm](http://www.jhnclare.riet/cold-war8.htm). Toegang verkry op 23 September 2013]

**VRAAG 2: WAT WAS DIE VERSKILLENDEN MENINGS RAKENDE WIE DIE SLAG VAN CUITO CUANAVAL TUSSEN 1987 EN 1988 GEWEN HET?****BRON 2A**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel wat op 11 Julie 2007 in die *Mail and Guardian Online* deur Piero Gleijeses geplaas is. Gleijeses was 'n akademikus oor Amerikaanse buitelandse beleid aan die Johns Hopkins Universiteit in Washington DC.

In Julie 1987 het die Angolese weermag (FAPLA) 'n groot aanval in die suidooste van Angola teen Jonas Savimbi se magte geloods. Toe dit blyk dat hierdie aanval besig was om te slaag, het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) wat die benedelope van suidwes-Angola beheer het, in die suidooste ingegryp. Vroeg in November het die SAW elite Angolese eenhede in Cuito Cuanavale vasgekeer en was gereed om hulle te vernietig ...

Vroeg in 1988 was Suid-Afrikaanse militêre bronne en Westerse diplomate vol vertroue dat die val van Cuito enige tyd kon plaasvind. Dit sou vir die Angolese regering 'n geweldige terugslag wees.

Maar op 15 November 1987 het die Kubaanse President, Fidel Castro, besluit om meer troepe en wapens na Angola te stuur – sy beste vliegtuie met sy beste vlieëniers, sy mees gesofistikeerde lugafweerwapens en sy modernste tenks. Castro se doel was nie net om Cuito te verdedig nie; dit was om die SAW vir eens en vir altyd uit Angola te verjaag ... Hy het later hierdie strategie op hierdie manier aan Joe Slovo, die leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, verduidelik: Kuba sou die aanslag uit Suid-Afrika keer en dan uit 'n ander rigting aanval, 'soos 'n bokser wat 'n hou met sy linkerhand afweer en dan met sy regter tref'.

Kubaanse vliegtuie en 1 500 Kubaanse soldate het die Angolese versterk en Cuito het nie geval nie. Op 23 Maart 1988 het die SAW sy laaste groot aanval op die dorp geloods. Soos kolonel Jan Breytenbach geskryf het: die Suid-Afrikaanse aanslag is deur die gekombineerde Kubaanse en Angolese magte 'tot 'n definitiewe stilstand gedwing' ...

Magtige Kubaanse kolonne (groepe troepe met voertuie) het deur suidwes-Angola na die Namibiese grens gemarsjeer. Die dokumente wat ons meer kan inlig oor wat die Suid-Afrikaanse leiers van hierdie bedreiging gedink het, is steeds geklassifiseerde inligting (word geheim gehou). Ons weet egter wat die SAW gedoen het: hulle het teruggeval. Amerikaanse intelligensie het verduidelik dat die Suid-Afrikaners onttrek het omdat hulle beïndruk was met die onverwagsheid en skaal van die Kubaanse opmars en omdat hulle geglo het dat 'n groot veldslag 'ernstige risiko's sou inhou'.

[Uit: <http://mg.co.za/article/2007-07-11-cuito-cuanavale-revisited>.  
Toegang verkry op 17 September 2013]

**BRON 2B**

Hierdie uittreksel is uit die verklaring van die Nasionale Uitvoerende Komitee van die African National Congress (ANC) tydens hul 77ste herdenking op 8 Januarie 1989 geneem. Die ANC was toe 'n organisasie wat in Suid-Afrika verban was en sy leiers was óf in die tronk óf in ballingskap.

Landgenote, soos die jaar einde se kant toe staan, is ooreenkomste van historiese belang oor die veiligheid van die Volksrepubliek van Angola en die onafhanklikheid van Namibië gesluit. Hierdie ooreenkomste verteenwoordig deurslaggewende vooruitgang in die stryd om die algehele bevryding van ons kontinent en om vrede in die streek te bewerkstellig. Ons verwelkom dit en sien uit na die implementering daarvan sonder enige vertragings.

Hierdie verwikkelinge is die direkte gevolg, in besonder, van die verpletterende nederlaag wat die apartheidsoorlogsmasjien in die suide van Angola by Cuito Cuanavale gely het. Verneder, met sy militêre leerstellings en strategieë 'n gemors, is die rassitiese weermag gedwing om in skaamte uit Angola te onttrek. Die African National Congress gee erkenning aan die dapperheid en oorlogvaardigheid van die gewapende magte van die Volksrepubliek van Angola, die Kubaanse internasionalistiese magte en die SWAPO-vegters, wat in gevegte die aggressiewe drome van 'n rassitiese Pretoria om Angola te oorwin, begrawe het.

Wat bereik is, is ook 'n direkte gevolg van die stryd wat in Suid-Afrika en Namibië plaasgevind het. Hierdie stryd, insluitend baie jong Suid-Afrikaners en Namibiërs se groeiende teenstand teen diensplig in die rassitiese weermag, het bygedra om Pretoria se oorlogsmasjien verder te verswak. So ook die internasionale veldtog om apartheid-Suid-Afrika op ekonomiese, militêre en ander gebiede te isoleer.

[Uit: <http://www.sahistory.org.za/archive/january-8th-statements-statement-national-executive-committee-occasion-77th-anniversary-anc>. Toegang verkry op 15 September 2013]

**BRON 2C**

Die tabel en inligting hieronder is geneem uit *The SADF in the Border War* deur L Scholtz. Scholtz het in die 1980's, toe Suid-Afrika in die Angolese oorlog betrokke was, vir die Afrikaanse koerante *Beeld* en *Die Burger* as joernalis gewerk.

MILITÊRE TOERUSTING VERWOES EN SOLDATE GEDOOD	KUBAANSE/FAPLA- VERLIESE (1987–1988)	SAW-VERLIESE
Tenks	94	3
Gepantserde voertuie	100	11
Vuurpyllanseerders	34	0
Logistieke voertuie	389	0
Helikopters	9	0
Manskappe gedood	4 785	32*

\*Scholtz gebruik amptelike rekords om aan te dui dat ten minste nog 10 SAW-soldate gedurende hierdie tydperk gesneuwel het. Hy wys ook daarop dat die totale SAW-syfers nie die verliese van UNITA, wat groot was, maar nie akkuraat aangeteken is nie, insluit nie.



**BRON 2D**

Hieronder is 'n gedeelte van 'n onderhoud wat op 14 November 1995 tussen Padraig O'Malley, professor aan die Universiteit van Massachusetts in Boston, VSA, en Constand Viljoen, hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) tussen 1980 en 1985, plaasgevind het. Onder Viljoen se bevelvoering het Suid-Afrikaanse troepe direk in die burgeroorlog in Angola betrokke geraak. In hierdie uittreksel antwoord Viljoen O'Malley se vrae oor die redes vir die SAW se betrokkenheid in Angola.

**Constand Viljoen:** Die oogmerk was nooit om daardie oorlog te wen nie ... Die doelwit was om die verspreiding van kommunisme in suidelike Afrika te keer en dit het hulle (die SAW) gedoen. Intendeel, ek het nog altyd volgehou dat daar drie plekke in die wêreld was waar internasionale kommunisme verslaan is. Die een was hier, suidelike Afrika, die ander was in die Midde-Ooste waar hulle nooit regtig Israel kon onderdruk nie en die ander was in Afghanistan waar die Afgaanse rebelle afgereken het met die hele situasie van die ekspansionisme van kommunisme uit Rusland. Ek dink dat daardie drie operasionele sfere (gebiede waar gevegte voorgekom het) verantwoordelik was vir die val van kommunisme en daarom hou ek altyd vol dat ons optrede in Angola nie verniet was nie en ek wil beklemtoon dat die doel nooit was om daardie oorlog te wen nie ...

**Constand Viljoen:** Daar was 'n hewige argument tussen die soldate, van wie baie op daardie stadium lede van die burgermag was. Die argument was oor of hulle Cuito moes aanval en dan verder beweeg en of hulle net in Cuito moes bly. Onthou dat die hele Cuito-veldslag daarop gemik was om Jamba te beveilig; Jamba was Savimbi se hoofsentrum.

**Constand Viljoen:** ... dit was nie die bedoeling om Angola konvensioneel aan te val nie. Die plan met Cuito, die hele doel van die Cuito-verdedigingstelsel was om Jamba te verdedig; nie om aan te val nie.

**Padraig O'Malley:** So, was daar enige punt waarop die (Suid-Afrikaanse) generaals, stafhoofde, aan die regering teruggerapporteer het en gesê het dat hulle in 'n skaakmatsituasie was (kon nie vorder nie)? Ons was aan die een kant van die rivier en hulle aan die ander kant; ons kon onbepaald hier bly, nie een van ons sou wen nie, nie een van ons sou verloor nie, maar dit was nogal betekenisloos. Of het julle jul strategiese doelwitte bereik?

**Constand Viljoen:** Ons het die strategiese doelwitte bereik. Ons wou die operasie (optrede) van Savimbi vergemaklik. Dit was die strategiese doelwit.

[Uit: <http://www.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv00017/04lv00344/05lv00889/06lv00949.htm>. Toegang verkry op 15 September 2013]

**VRAAG 3: HOE HET DIE PROTESVELDTOGTE IN BIRMINGHAM TOT DIE VERGUNNING VAN BURGERREGTE VIR AFRO-AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's BYGEDRA?****BRON 3A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel geneem uit 'n onderhoud met eerwaarde Joseph Ellwanger, 'n wit Lutherse predikant, wat deel was van die komitee wat in 1963 die Birmingham-veldtog georganiseer het.

In 1963 was Birmingham omtrent so 'n gesegregeerde stad in die Suide as wat jy kon kry. Daar was nog bordjies by die drinkfonteinjies. Daar was geen swart klerke in die middestad se winkels nie. Daar was geen swartes in die polisiemag of brandweer nie. En daar was baie openlike dreigemente deur die polisiekommissaris, Bull Connor, teen enige poging om 'n paar van hierdie regte te bekom ...

Daar was nie net die siening in die wit gemeenskap dat swartes ondergeskik was nie, maar hierdie siening is duidelik uitgespreek en het gedien as die basis vir die segregasie wat al die jare bestaan het ... baie lede van die Ku Klux Klan het ... amper 'n godsdienstige geloof in hul harte gehad dat ons hierdie soort rassuiwerheid moes bewaar anders sou ons onself en ons toekomstige geslagte verdoem.

As ons dink waarvoor wit mense bang was in terme van die moontlikheid van 'n geïntegreerde gemeenskap, was 'n deel daarvan eenvoudig die vrees vir die onbekende. Miskien selfs dieper was die vrees vir die Ku Klux Klan en dat hul dreigemente 'n werklikheid sou word. In Birmingham het ons ongeveer veertig bomaanvalle in die afgelope tien jaar gehad, so dit was nie net 'n leë dreigement nie ...

My rol in die Birmingham-betoging was basies om deel te wees van 'n komitee van twintig wat bymekaargekom het om die beplanning te doen ... Ek kan steeds die sessies met dr. King en Ralph Abernathy en Andrew Young onthou en dit was 'n wonderlike ervaring van oopheid vir almal se idees. Daar was niemand wat nie die geleentheid gegun was om deel van die beplanning te wees nie.

[Uit: *Voices of Freedom. An Oral History of the Civil Rights Movement* deur Henry Hampton en Steve Fayer]

**BRON 3B**

Die bron hieronder fokus op die strategieë wat deur betogers gevolg is, die reaksie deur staatsowerhede en die invloed van mediadekking van die Birmingham-veldtog in 1963.

Die Birmingham-veldtog het stil begin met sitstakings op 3 April 1963 by etlike 'slegs blankes'-middagete-toonbanke in die middestad. Van die begin af het die veldtog te staan gekom voor 'n apatiese (onbelangstellende) swart gemeenskap, 'n openlik vyandige, gevestigde swart leierskap en Bull Connor se 'nie-gewelddadige weerstand' in die vorm van die arrestasie van die oortreders van die stad se segregasiewetgewing. Met geen sensasionele (opspraakwekkende) nuus nie, het die nasionale media niks gevind om oor verslag te doen nie en die veldtog het momentum begin verloor. Toe Connor egter beveel dat polisiehonde gebruik moes word om 'n skare swart omstanders uitmekaar te jaag, het joernaliste verslag gedoen oor 'n aanval deur 'n Duitse herdershond op 'n betogers wat geen geweld gebruik het nie, en sodoende die wreedheid openbaar wat segregasie ondermyn het ...

In 'n desperate poging om mediadekking te kry en om die veldtog lewendig te hou ... is die Kinder-veldtog ('Children's Campaign') op 2 Mei 1963 geloods waarin swart jeugdiges van skole in die omgewing as betogers opgetree het. In 'n poging om die gebruik van geweld te vermy het Bull Connor honderde skoolkinders laat arresteer en in skoolbusse tronk toe vervoer. Toe die tronke vol was, het hy beveel dat brandslange en polisiehonde gebruik moes word om groot protesoptogte in bedwang te hou ... Afro-Amerikaanse toeskouers het met woede gereageer en die polisie met bakstene en bottels gegooi toe die brandweermanne die brandslange oopgedraai het.


Die media het die negatiewe beelde van Connor en sy manskappe vasgelê wat die geweldlose (vreedsame) betoging van skoolkinders met kragtige strale water en aanvalle deur polisiehond onderdruk het. Voorbladfoto's in die land se koerante het President Kennedy oortuig om die Assistent Minister van Justisie vir Burgerregte, Burke Marshall, na Birmingham te stuur om onderhandelinge te hou wat 'n einde aan die gewelddadige betogings sou bring.

[Uit: <http://www.encyclopediaofalabama.org/face/Article.jsp?id=h-1358>.

Toegang verkry op 28 September 2013]

**BRON 3C**

Hierdie foto het in die *Daily News* verskyn gedurende die Birmingham-veldtog, 1963. Dit toon brandweermanne wat beveel is om hul hoëdruk-brandslange op burgerregtebetogers, wat op die sypaadjie sit, te gebruik.



[Uit: <http://www.dailynews.com>. Toegang verkry op 25 September 2013]

**BRON 3D**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n gebeeldsaaide toespraak aan die Amerikaanse publiek deur President JF Kennedy op 11 Junie 1963 in reaksie op die gebeure in Birmingham en ander proteste wat elders plaasgevind het.

Die kern van die vraag is of alle Amerikaners gelyke regte en gelyke geleenthede gegee moet word, of ons ons mede-Amerikaners gaan behandel soos wat ons behandel wil word. As 'n Amerikaner gekeer word om middagete te geniet in 'n restaurant wat vir die publiek oop is omdat sy vel donker is, as hy nie sy kinders na die beste beskikbare openbare skool kan stuur nie, as hy nie kan stem vir die staatsampnare wat hom verteenwoordig nie; kortliks, as hy nie 'n volwaardige en vrye bestaan, wat ons almal nastreef, kan geniet nie, wie van ons sal dan tevrede wees om ons velkleur te verander en in sy skoene te staan? ...

Die tyd het nou vir hierdie nasie aangebreek om sy belofte na te kom. Die gebeure in Birmingham en elders het die roepstem na gelykheid so laat toeneem dat geen stad of staat of wetgewende liggaam wyslik kan kies om dit te ignoreer nie.

Die vure van frustrasie en onmin brand in elke stad, noord en suid, waar regsmiddele nie beskikbaar is nie. Regstelling word gesoek in die strate, in betogings, optogte en proteste wat lei tot spanning en geweld wat lewens bedreig.

Ons staan dus voor 'n morele krisis as 'n land en as 'n volk. Dit kan nie met onderdrukkende polisie-optrede begroet word nie. Dit kan nie oorgelaat word aan nog protesoptogte in die strate nie. Dit kan nie stilgemaak word met niksseggende optrede of uitsprake nie. Die tyd het aangebreek om in die Kongres, in jou staat en plaaslike wetgewende liggaam en, bo alles, in ons daaglikse lewe, op te tree ...

Volgende week sal ek die Kongres van die Verenigde State versoek om op te tree, om 'n verbintenis te maak wat hulle nog nie in hierdie eeu ten volle gemaak het nie, dat ras geen plek in die Amerikaanse lewenswyse of wetgewing moet hê nie ...

[Uit: <http://www.presidentialrhetoric.com/historicspeeches/kennedy/civilrightsmesssage.html>.  
Toegang verkry op 28 September 2013]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Henry Hampton en Steve Fayer. 1990. *Voices of Freedom. An Oral History of the Civil Rights Movement* (Vintage, Londen)

<http://mg.co.za/article/2007-07-11-cuito-cuanavale-revisited>

<http://www.dailynews.com>

<http://www.encyclopediaofalabama.org/face/Article.jsp?id=h-1358>

<http://www.nationalarchives.gov.uk/education/heroesvillians/g6/cs2/g6cs2s5b.html>

<http://www.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv00017/04lv00344/05lv00889/06lv00949.html>

<http://www.oecd.org/general/themarshallplanspeechatharvarduniversity5june1947.html>

<http://www.presidentialrhetoric.com/historicspeeches/kennedy/civilrightsmessage.html>

<http://www.sahistory.org.za/archive/january-8th-statements-statement-national-executive-committee-occasion-77th-anniversary-anc->

<http://www.slantchev.ucsd.edu/courses/nss/documents/vyshinsky-criticism-of-truman-doctrine.html>

Scholtz, L. 2013. *The SADF in the Border War* (Tafelberg, Kaapstad)

Truman, H. *Public Papers* (US Government Printing Office, Washington DC, 1947)

[www.jhnclare.riet/cold-war8.html](http://www.jhnclare.riet/cold-war8.html)